


God het 'n verbond met Abraham gesluit. Dié week sien ons hoe God sy belofte nakom en hoe Hy vir die mense elke keer weer 'n kans gee as hulle nie hulle kant hou nie.

Die verskillende dele van die hele storie



God se koninkryk bestaan uit:

- Sy mense
- Sy reëls
- Sy land
- Hy is die koning

God se mense: God bevry die Israeliete uit Egipte. Hy doen dit sonder dat hulle iets van hulle kant af moet doen. Die bloed van 'n lam wat hulle aan die deurkowsyne moet smeer om die dood van hul eerste gebore kind te keer, herinner ons aan Jesus wat, soos die onskuldige lammetjie, moes doodgaan om ons te red van ewige dood.

God se reëls: God gee vir Moses die 10 gebooië. Dit help ons om te weet wat in God se koninkryk belangrik is en hoe om alles reg te laat werk in sy koninkryk. God se reëls gaan oor ons verhouding met God en ons verhouding met ander mense.


God se land: God gee vir die Israeliete die beloofte land (Kanaän). Hoewel die Israeliete vir 40 jaar in die woestyn was, help God hulle om hul eie land te kry om in te woon.

God is koning: God het leiers gestuur om Israel te help – Moses, Joshua en dan 'n klomp ander leiers (dis in die boek Rigters in die Bybel). Die Israeliete mors elke keer die kans wat hulle kry op, en dan gee God weer 'n nuwe kans as hulle Hom vra. Israel vra dan vir 'n koning, en ons sien dan 'n hele klomp konings wat nie altyd God se reëls volg nie. God hou aan om vir Israel elke keer nuwe kans te gee, Hy bly lief vir hulle en hou aan om vir hulle te sorg.

Ons sien in hierdie deel van die Bybel dat die prentjie heel word as mense se verhouding met God goed is en hulle Hom toelaat om die Koning te wees, maar dat die prentjie elke keer breek as die mens besluit om eerder self op die troon te sit en die reëls te maak.

Ons maak 'n "spieël", nie een waarin jy jousef kan sien nie, maar een waarna jy kan kyk om te sien of jou lewe lyk soos wat God wil hê dit moet lyk.

Plak 11 roomys stokkies (die dikker stokkies) aanmekaar met kleefband (*masking tape*). Plak die stokkies om die beurt aan albei kante van die stokkies aan mekaar vas, soos op die prent hier langsaa. Plak nou die sinnetjies op die papier hieronder op die stokkies. Kleur dit in en versier dit. Hang dit in jou kamer op om jou te herinner aan wat vir God belangrik is.



God se huisreëls

1. God is nommer een

2. Geen beeld of prent nie

3. Net woorde van respek vir God

4. Sondag is God se spesiale dag

5. Respek hê vir jou ouers.

6. Niemand doodmaak nie

7. Nie jou man of vrou somer net los as iulle getroud is nie

8. Nie steel nie

9. Nie jok nie

10. Nie wens dat jy iets het wat iemand anders s'n is nie.

Ten Commandments Folding Craft Stick Craft



DaniellesPlace.com